



067084




SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE
CENTRE FOR LIBRARY AND
IMFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

1986 -11- 04

1987 -07- 06

00000000491



2844363866



001.3072068 HSRC KOMM N 108



* 0 8 3 9 4 3 *

Die rol wat sekere veranderlikes
soos geslag, ouderdom en
onderwyspeil speel in die kennis,
gebruik en kommunikasiepatrone
van Swartes in Ikageng ten opsigte
van gesinsbeplanning

Die rol wat sekere veranderlikes soos geslag, ouderdom en onderwyspeil speel in die kennis, gebruike en kommunikasiepatrone van Swartes in Ikageng ten opsigte van gesinsbeplanning

A. Rall

RGN <small>BIBLIOTEK</small> HSRC <small>LIBRARY</small>	
1985 -07-04	
STANDKODE 001.3072068 HSRC KOMM N 108	REGISTERNOMMER 067084
BESTELNOMMER R/0	

A. Rall, B.A. (Hons.), Senior Navorsers

Instituut vir Kommunikasievorsing
 Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 7969 0215 1

Prys: R10,35
 (AVB uitgesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1985

Gedruk deur die RGN

INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
1	AGTERGROND EN DOEL	1
2	METODE	1
2.1	DIE VRAELYS	1
2.2	DIE STEEKPROEF	2
2.2.1	<i>Samestelling van die steekproef</i>	2
2.2.2	<i>Verdeling van die steekproef</i>	2
2.3	VERWERKING EN AANBIEDING VAN GEGEWENS	4
2.3.1	<i>Verwerking van gegewens</i>	4
2.3.2	<i>Aanbieding van gegewens</i>	5
3	BEVINDINGS	6
3.1	BEKENDHEID MET EN KENNIS VAN GESINSBEPLANNING EN GESINSBEPLANNINGSMETODES	6
3.1.1	<i>Bewustheid van "gesinsbeplanning" en "gesinsbeplanningsmetodes"</i>	6
3.1.2	<i>Bekendheid met die Pil</i>	7
3.1.3	<i>Bekendheid met die IUT</i>	8
3.1.4	<i>Bekendheid met die Inspuiting (Depo)</i>	9
3.1.5	<i>Bekendheid met ander gesinsbeplanningsmetodes</i>	10
3.2	BEKENDHEID MET GESINSBEPLANNINGSMOTIVEERDERS EN GESINSBEPLANNINGSKLINIEKE/ANDER DIENSPUNTE	12
3.2.1	<i>Bekendheid met en besoeke aan gesinsbeplanningsklinieke/ander dienspunte</i>	13
3.2.2	<i>Bekendheid met en besoeke ontvang deur gesinsbeplanningsmotiveerders</i>	15
3.3	BEHOEFTE AAN INLIGTING OOR GESINSBEPLANNINGSMETODES	17
3.4	HOUDINGS EN MENINGS OOR GESINSBEPLANNING	19

		BLADSY
4	SAMEVATTING EN SLOT	20
4.1	SAMEVATTING	20
4.2	SLOT	21
	BYLAE 1	23
	BYLAE 2	37
	BIBLIOGRAFIE	72

LYS VAN TABELLE

NOMMER		BLADSY
2.1	VERDELING VAN DIE STEEKPROEF VOLGENS GESLAG, OUDERDOM, ONDERWYSPEIL, HUWELIKSTAAT EN GEBRUIKERS/NIE-GBRUIKERS VAN 'N GESINSBEPLANNINGSMETODE	3
3.1	ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN "GESINSBEPLANNING" GEHOOR HET	7
3.2	ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN DIE PIL GEHOOR HET	8
3.3	ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN DIE INSPUITING GEHOOR HET	9
3.4	ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN DIE KONDOOM GEHOOR HET	10
3.5	ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN MANLIKE STERILISASIE GEHOOR HET	11
3.6	RESPONDENTE WAT AANGEDUI HET DAT HULLE AL VAN ONTTREKKING AS METODE OM SWANGERSKAP TE VOORKOM, GEHOOR HET	12
3.7	ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE KENNIS DRA VAN ENIGE GESINSBEPLANNINGSKLINIEKE/ANDER DIENSPUNTE	14
3.8	ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN GESINSBEPLANNINGSMOTIVEERDERS GEHOOR HET	15
3.9	ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE OF HULLE VROU/SEKSMAT AL 'N BESOEK/BESOEKE VAN 'N MOTIVEERDER ONTVANG HET	16
3.10	RESPONDENTE WAT AANGEDUI HET DAT HULLE MEER INLIGTING OOR DIE INSPUITING WIL Hê	18
3.11	ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL GESINSBEPLANNINGSMETODES MET IEMAND BESPREEK HET	19

1. AGTERGROND EN DOEL

'n Basislynopname is gedurende 1982 onder Swartes van 15 jaar en ouer in die dorpsgebied Ikageng onderneem met die doel om te bepaal in watter mate die inwoners van die gebied kennis dra van en bekend is met gesinsbeplanning en gesinsbeplanningsmetodes, in watter mate hulle gebruik maak van gesinsbeplanningsmetodes asook wat hulle houdings en menings oor gesinsbeplanning is. Die resultate van hierdie opname is vir die totale steekproef in 'n verslag deur Fourie en Rall (1984) saamgevat. Met die oog op die beplanning van gesinsbeplanningsveldtogte is dit egter nodig om subgroepe van die teikengroep te identifiseer sodat spesifieke boodskappe ten opsigte van elk van hierdie subgroepe geformuleer en oorgedra kan word.

Met die oog hierop is die resultate van die basislynopname verder ontleed sodat vasgestel kan word watter rol veranderlikes soos geslag, ouderdom, onderwyspeil, huwelikstaat en die gebruik van 'n gesinsbeplanningsmetode in die volgende afhanklike veranderlikes speel:

- . bewustheid en kennis van gesinsbeplanningsmetodes
- . gebruik van gesinsbeplanningsmetodes
- . kennis van die gesinsbeplanningsklinieke en gesinsbeplanningsmotiveerders
- . mediabenuutting in die woongebied
- . houdings ten opsigte van en menings oor gesinsbeplanning.

2. METODE

2.1 DIE VRAELYS

Die inligting is deur middel van 'n vertakkingsvraelys ingesamel wat uit die volgende afdelings bestaan:

- . demografiese besonderhede
- . kennis en gebruike van gesinsbeplanningsmetodes

- . gesinsbeplanningsdienste
- . mediabenuutting
- . houdings en menings

Voordat die ondersoek aangepak is, is die vraelys deeglik in 'n voorondersoek uitgetoets. Daarna is tydelike Swart veldwerkers opgelei in die hantering van die vraelys en is die vraelyste tydens onderhoude met die respondente ingevul. Die volledige vraelys verskyn in bylae 2.

2.2 DIE STEEKPROEF

2.2.1 *Samestelling van die steekproef*

Die woongebied Ikageng is deur die RGN se afdeling vir statistiese dienste in blokke verdeel en bepaalde blokke is op 'n ewekansige wyse getrek. In elkeen van die blokke is een huis as beginpunt aangedui en die veldwerkers het by daardie huis begin en elke vierde huis daarna in anti-kloksgewyse patroon besoek. In elke blok moes daar 12 respondente gevind word en indien dit nie moontlik was nie, is daar na 'n aangeduide naasliggende blok beweeg.

2.2.2 *Verdeling van die steekproef*

Die steekproef het uit 632 persone bestaan van wie 322 mans en 310 vroue was, terwyl 231 (37 %) persone in die ouderdomsgroep 15-24 jaar, 161 (25 %) in die ouderdomsgroep van 25-34 jaar, 140 (22 %) in die ouderdomsgroep van 35-49 jaar en 100 (16 %) in die ouderdomsgroep van 50 jaar en ouer voorgekom het. Wat onderwyspeil betref, het diegene met geen opleiding 14 %, dié met 'n kwalifikasie tot en met st. 5 42 % en diegene met 'n kwalifikasie van st. 6 en hoër 44 % van die totale steekproef uitgemaak. Tén opsigte van huistaal is bevind dat 84 % binne die Sotho- en 16 % binne die Nguni-taalgroepe val.

Volgens huwelikstaat verdeel die steekproef persentasiegewys soos volg: getroudes 53 %, ongetroudes 45 % en weduwees, wewenaars of geskeides 2 %. Die bogenoemde gegewens verskyn in tabel 2.1.

TABEL 2.1

VERDELING VAN DIE STEEKPROEF VOLGENS GESLAG, OUDERDOM, ONDERWYSPEIL,
HUWELIKSTAAT EN GEBRUIKERS/NIE-GBRUIKERS VAN 'N GESINSBEPLANNINGSMETODE

	N	%
GESLAG		
Manlik	322	50,95
Vroulik	310	49,05
TOTAAL	632	100,00
OUERDOM		
15-24 jaar	231	36,55
25-34 jaar	161	25,48
35-49 jaar	140	22,15
50 jaar en ouer	100	15,82
TOTAAL	632	100,00
ONDERWYSPEIL		
Geen opleiding	87	13,76
Laer as st. 5	262	41,46
St. 6 en hoër	283	44,78
TOTAAL	632	100,00
HUWELIKSTAAT		
Getroud	335	53,01
Ongetroud	297	46,99
TOTAAL	632	100,00
GEBRUIK VAN 'N METODE*		
Gebruikers	167	26,42
Nie-gebruikers	465	73,58
TOTAAL	632	100,00

*Verdeling is gedoen op grond van die vraag "Gebruik u tans 'n gesinsbeplanningsmetode"?

2.3 VERWERKING EN AANBIEDING VAN GEGEWENS

2.3.1 *Verwerking van gegewens*

As eerste stap in die ontleding van die gegewens is die frekwensies en persentasiefrekwensies vir elke item bereken. Daarna is met behulp van CHAID- en BMDP(P4F)-rekenaarprogramme ontledings op die totale frekwensies van elke item gedoen. Die doel met hierdie ontledings was om na te gaan watter van die volgende veranderlikes 'n rol gespeel het in die antwoorde van die respondente op die verskillende items: geslag, ouderdom (15-24 jaar, 25-34 jaar, 35-49 jaar en 50 jaar en ouer), onderwyspeil (laer as st. 6, st. 6-st. 10, naskoolse opleiding), huwelikstaat (getroud en ongetroud) en gebruik al dan nie van 'n gesinsbeplanningsmetode (gebruikers en nie-gebruikers).

Op grond van die CHAID-ontledings kan tentatief bepaal word watter van bogenoemde veranderlikes die grootste rol in die antwoorde van die respondente speel. Die CHAID-ontledingsresultate is dan gebruik om logit-ontledings te doen (die BMDP-rekenaarprogram P4F). Die doel met hierdie ontledings was om die sterkte of graad van die assosiasie tussen die antwoordkategorieë (afhanklike veranderlikes) en die kategorieë van die verklarende veranderlikes (dit wil sê geslag, ouderdom, onderwyspeil, huwelikstaat en gebruik/al dan nie van 'n gesinsbeplanningsmetode) of die interaksies daartussen te bepaal. Indien die gebeurlikheidstabel wat ontleed is, 'n tweerigtingtabel is, is die Pearson X^2 -waarde geïnterpreteer. (Indien die X^2 -waarde groter as 0,05 is, is die gestandaardiseerde residuwaarde geïnterpreteer.) 'n Gestandaardiseerde residuwaarde is as statisties betekenisvol beskou wanneer die waardes kleiner as -1,96 of groter as +1,96 is. Indien dit 'n meerrigtingtabel was, is 'n model gepas en is die parameter van die model ontleed. Gestandaardiseerde waardes van die parameterskatting is as statisties betekenisvol beskou wanneer die waarde kleiner as -2,58 of groter as +2,58 is.

2.3.2 Aanbieding van gegewens

Slegs die resultate met betrekking tot daardie items (vrae) waar daar volgens die BMDP(P4F)-rekenaarprogram betekenisvolle interaksies tussen die response op daardie items (vrae) en die verklarende veranderlikes (geslag, onderwyspeil, ouderdom, huwelikstaat en gebruik van 'n metode) verkry is, word aangebied. Die persentasiefrekwensies ten opsigte van hierdie resultate word in tabelvorm aangebied, terwyl die gestandaardiseerde waardes van die parameterskatting ten opsigte van elk van hierdie items in bylae 1 gerapporteer word.

Die items waar daar geen betekenisvolle interaksie tussen die response op daardie items en die verklarende veranderlikes (geslag, ouderdom, onderwyspeil, huwelikstaat en gebruik/al dan nie van 'n gesinsbeplanningsmetode) verkry is nie, word slegs vermeld en nie verder bespreek nie.

Die CHAID-rekenaarprogram is slegs eksploratief gebruik om die dimensies van die gebeurlikheidstabel te verminder, dit wil sê as 'n veranderlike seleksietegniek. Daarom word die resultate nie volledig bespreek of in dendrogramme aangebied nie.

3. BEVINDINGS

3.1 BEKENDHEID MET EN KENNIS VAN GESINSBEPLANNING EN GESINSBEPLANNINGSMETODES

Sewentien vrae is aan die respondente gestel om vas te stel in watter mate hulle bewus is van en kennis dra van gesinsbeplanning en bepaalde gesinsbeplanningsmetodes.

Wat die volgende vrae betref was daar geen betekenisvolle interaksie tussen die verklarende veranderlikes (geslag, onderwyspeil, ouderdom, huwelikstaat en gebruik/nie-gebruik van 'n metode) en die response op die vrae nie:

- . Waar moet die IUT in 'n vrou se liggaam geplaas word?
- . Wie sal die vrou vra om die IUT in haar liggaam te plaas?
- . Indien 'n vrou van die Inspuiting gebruik maak, hoe gereeld moet sy 'n Inspuiting ontvang?
- . Hoe gereeld moet 'n vrou die Pil drink?
- . Het u al gehoor van die ritme-metode as 'n wyse om swangerskap te voorkom?
- . Het u al van vroulike sterilisasie as gesinsbeplanningsmetode gehoor?

Die bevindings ten opsigte van die vrae waar daar wel betekenisvolle interaksies tussen die verklarende veranderlikes en die response op die vrae voorgekom het, word vervolgens bespreek.

3.1.1 *Bewustheid van "gesinsbeplanning" en "gesinsbeplanningsmetodes"*

- . Op die vraag of die respondente al van gesinsbeplanning ("family planning") gehoor het, het 414 (66 %) positief gereageer. Die resultate van hierdie vraag, volgens ouderdomsgroepe onderverdeel, verskyn in tabel 3.1:

TABEL 3.1

ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN "GESINSBEPLANNING"
GEHOOR HET

Ouderdom	Ja		Nee		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
15 - 24 jaar	163	25,79	68	10,76	231	36,55
25 - 34 jaar	131	20,73	30	4,75	161	25,48
35 - 49 jaar	83	13,13	57	9,02	140	22,15
50 jaar en ouer	37	5,85	63	9,97	100	15,82
TOTAAL	414	65,50	218	34,50	632	100,00

Uit die ontledings wat met die CHAID- en P4F-rekenaarprogramme uitgevoer is (tabel 1 in bylae 1), blyk dat van die verkla- rende veranderlikes slegs ouderdom 'n rol gespeel het.

Na verhouding het meer persone in die ouderdomsgroep 25-34 jaar as in die ander ouderdomsgroepe, al van die term gehoor. Soos verwag kan word, het meer persone in die ouderdomsgroep 50 jaar en ouer aangedui dat hulle nog nooit van die term gehoor het nie.

Daar is ook aan die respondente gevra of hulle al van gesinsbe- planningsmetodes gehoor het. Hierop het 263 (41 %) instemmend geantwoord. Ontledings van die CHAID- en P4F-rekenaarprogramme (tabel 2 in bylae 1) het aangetoon dat daar na verhouding meer gebruikers (76 %) as nie-gebruikers (29 %) en meer vroue (60 %) as mans (24 %) aangedui het dat hulle al van hierdie metodes gehoor het.

3.1.2. Bekendheid met die Pil

Die resultate op die vraag of die respondente al van die Pil as 'n metode om swangerskap te voorkom, gehoor het, word in tabel 3.2 vir die verskillende ouderdomsgroepe aangebied:

TABEL 3.2

ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN DIE PIL GEHOOR HET

Ouderdom	Ja		Nee		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
15 - 24 jaar	191	30,22	40	6,33	231	36,55
25 - 34 jaar	138	21,84	23	3,64	161	25,48
35 - 49 jaar	109	17,24	31	4,91	140	22,15
50 jaar en ouer	55	8,70	45	7,12	100	15,82
TOTAAL	493	78,00	139	22,00	632	100,00

Ontledings van die CHAID- en P4F-rekenaarprogramme het getoon dat dit weer eens die ouer persone (50 jaar en ouer) was wat na verhouding meer as die ander ouderdomsgroepe aangedui het dat hulle nog nooit van die Pil gehoor het nie (tabel 3 in bylae 1). Op die vraag wie die Pil moet neem as 'n paartjie besluit het om dit te gebruik het 450 (71 %) gesê dat dit die vrou is wat dit moet neem. Die meeste ander respondente het nie geweet nie hoewel daar ook diegene was wat gedink het dat dit die man of selfs albei is wat die Pil moet drink. Ouderdom en gebruik van 'n metode het 'n rol gespeel in die antwoorde op die vraag. Na verhouding het meer persone van 50 jaar en ouer, (53 %) as jonger persone (24 %) en meer nie-gebruikers (35 %) as gebruikers, (10 %) nie geweet wie die persoon is wat die Pil moet neem nie (tabel 4 in bylae 1).

3.1.3 Bekendheid met die IUT

Die respondente is ook gevra om aan te dui of hulle al van die IUT as gesinsbeplanningsmetode gehoor het en in wie se liggaam die toestel geplaas moet word. Op die eerste vraag het 386 (61 %) van die respondente instemmend geantwoord en op die tweede

vraag het 364 (58 %) die korrekte antwoord, naamlik die vrou gegee. Op albei hierdie vrae is daar betekenisvolle verskille tussen die mans en vroue en die ouer en jonger ouderdomsgroepe bevind. Na verhouding het meer vroue as mans en meer respondente in die ouderdomsgroep 15-34 jaar as diegene wat 35 jaar en ouer is, aangedui dat hulle al van die IUT gehoor het en dat dit in die vrou se liggaam geplaas moet word (tabelle 5 en 6 in bylae 1).

3.1.4 Bekendheid met die Inspuiting (Depo)

Die respondente se kennis van nog 'n kliniese metode, naamlik die Inspuiting, is ook vasgestel. Antwoorde op die vraag of die respondente al van die Inspuiting gehoor het, verdeel volgens geslag en gebruik/nie-gebruik van 'n metode, verskyn in tabel 3.3.

TABEL 3.3

ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN DIE INSPUITING GEHOOR HET

	Ja		Nee		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
GESLAG						
Manlik	187	29,59	135	21,36	322	50,95
Vroulik	260	41,14	50	7,91	310	49,05
TOTAAL	447	70,73	185	29,27	632	100,00
VRAAG 138						
Gebruikers	148	23,42	19	3,00	167	26,42
Nie-gebruikers	299	47,31	166	26,27	465	73,58
TOTAAL	447	70,73	185	29,27	632	100,00

Uit die ontledings van die CHAID- en P4F-rekenaarprogramme (tabel 7 in bylae 1), blyk dat daar na verhouding meer vroue as mans en meer gebruikers as nie-gebruikers is wat al van die inspuiting ge-

hoor het. Op die vraag oor wie die inspuiting moet gebruik, het na verhouding meer vroue (78 %) as mans (51 %) en meer respondente in die ouderdomsgroep 25-34 jaar (81 %) as in die ander ouderdomsgroepe (59 %) die korrekte antwoord gegee (tabel 8 in bylae 1).

3.1.5 Bekendheid met ander gesinsbeplanningsmetodes

Die respondente se bekendheid met drie ander gesinsbeplanningsmetodes is ook nagegaan. Daar is eerstens aan die respondente gevra of hulle al gehoor het van die kondoom wat deur mans gebruik word om te verhoed dat hulle vrou/seksmaat swanger raak. Op hierdie vraag het 281 (44 %) instemmend geantwoord en die resultate (verdeel volgens geslag, ouderdom en onderwyspeil) verskyn in tabel 3.4:

TABEL 3.4

ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN DIE KONDOOM GEHOOR HET

	Ja		Nee		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
GESLAG						
Manlik	168	26,58	154	24,37	322	50,95
Vroulik	113	17,88	197	31,17	310	49,05
TOTAAL	281	44,46	351	55,54	632	100,00
OUERDOM						
15 - 34 jaar	216	34,18	176	27,85	392	62,03
35 jaar en ouer	65	10,28	175	27,69	240	37,97
TOTAAL	281	44,46	351	55,54	632	100,00
ONDERWYSPEIL						
Geen opleiding	14	2,22	73	11,55	87	13,77
St. 1 - st. 5	92	14,56	170	26,89	262	41,45
St. 6 en hoër	175	27,69	108	17,09	283	44,78
TOTAAL	281	44,47	351	55,53	632	100,00

Na verhouding het meer mans as vroue en meer persone in die ouderdomsgroep 15-34 as 35 jaar en ouer aangedui dat hulle al van die kondoom gehoor het. Onderwyspeil het ook 'n rol in die antwoorde op hierdie vraag gespeel aangesien daar na verhouding meer respondente met 'n onderwyspeil van st. 6 en hoër as laer as st. 6 aangedui het dat hulle al van die kondoom gehoor het (tabel 9 in bylae 1). Met betrekking tot manlike sterilisasie het 119 (19 %) van die respondente aangedui dat hulle al van die metode gehoor het (tabel 3.5).

TABEL 3.5

ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN MANLIKE STERILISASIE GEHOOR HET

Onderwyspeil	Ja		Nee		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
Geen opleiding	10	1,58	77	12,18	87	13,76
St. 1 - st. 5	34	5,38	228	36,08	262	41,46
St. 6 - st. 10	73	11,55	201	31,80	274	43,35
Naskoolse opleiding	2	0,32	7	1,11	9	1,43
TOTAAL	119	18,83	513	81,17	632	100,00

Ontledings van die rekenaarprogramme CHAID en P4F (tabel 10 in bylae 1) het getoon dat daar na verhouding meer persone met 'n onderwyspeil van st. 6 en hoër is as diegene met 'n onderwyspeil van laer as st. 6 wat al van hierdie metode gehoor het.

Wat onttrekking as gesinsbeplanningsmetode betref, is gevind dat 108 (17 %) van die totale steekproef al van die metode om swangerskap te voorkom, gehoor het. Die resultate op hierdie vraag, onderverdeel volgens onderwyspeil, verskyn in tabel 3.6:

TABEL 3.6

RESPONDENTE WAT AANGEDUI HET DAT HULLE AL VAN ONTTREKKING AS
METODE OM SWANGERSKAP TE VOORKOM GEHOOR HET

Onderwyspeil	Ja		Nee		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
Geen opleiding	8	1,27	79	12,50	87	13,77
St. 1 - st. 5	33	5,22	229	36,23	262	41,46
St. 6 - st. 10	62	9,81	212	33,54	274	43,35
Naskoolse opleiding	5	0,79	4	0,63	9	1,42
TOTAAL	108	17,09	524	82,90	632	100,00

Na verhouding het betekenisvol meer respondente met 'n onderwyspeil van st. 6 - st. 10, en met naskoolse opleiding, as respondente met 'n onderwyspeil laer as standerd 6 aangedui dat hulle al van die metode gehoor het (tabel 11 in bylae 1).

3.2 BEKENDHEID MET GESINSBEPLANNINGSMOTIVEERDERS EN GESINSBEPLANNINGS- KLINIEKE/ANDER DIENSPUNTE

In Ikageng bestaan daar 'n aktiewe gesinsbeplanningskliniek sowel as ander dienspunte waar die inwoners advies en diens ten opsigte van gesinsbeplanning kan ontvang. Die kliniek word bygestaan deur vier gesinsbeplanningsmotiveerders wat in die gebied werksaam is met die opdrag om die inwoners oor gesinsbeplanning in te lig.

Elf vrae is hieroor gestel en ten opsigte van die volgende vrae is bevind dat daar geen betekenisvolle interaksie tussen die verkla- rende veranderlikes en die response op die vrae was nie:

- . Is u al tydens 'n besoek aan die kliniek gevra om op 'n ander dag terug te kom?
- . Is u tevrede met die werksure van die kliniek, of sou u verkies dat dit verander word?

- . Is die kliniekpersoneel vriendelik en behulpsaam?
- . Is die kliniek elke dag of slegs op sekere dae oop vir gesinsbeplanningsdienste?
- . Watter indruk het die gesinsbeplanningsmotiveerder op u gemaak?
- . Het die gesinsbeplanningsmotiveerder die inligting op so 'n wyse aan u oorgedra dat u alles kon verstaan?
- . Het u al die inligting geglo wat deur die gesinsbeplanningsmotiveerder aan u oorgedra is?

By die res van die vrae was daar wel betekenisvolle interaksie tussen die verklarende veranderlikes en die response op die vrae en die resultate is soos volg:

3.2.1 *Bekendheid met en besoeke aan gesinsbeplanningeklinieke/ander dienspunte*

Van die totale steekproef het 450 (71 %) aangedui dat hulle bekend is met gesinsbeplanningeklinieke/ander dienspunte. In tabel 3.7 verskyn die resultate, onderverdeel volgens geslag en onderwyspeil.

TABEL 3.7

ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE KENNIS DRA VAN ENIGE GESINSBEPLANNINGSKLINIEKE/ANDER DIENSPUNTE

	Ja		Nee		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
GESLAG						
Manlik	180	28,48	142	22,47	322	50,95
Vroulik	270	42,72	40	6,33	310	49,05
TOTAAL	450	71,20	182	28,80	632	100,00
ONDERWYSPEIL						
Geen opleiding	43	6,80	44	6,96	87	13,76
St. 1 - st. 5	181	28,64	81	12,82	262	41,46
St. 6 en hoër	226	35,76	57	9,02	283	44,78
TOTAAL	450	71,20	182	28,80	632	100,00

Uit die resultate van die CHAID- en P4F-rekenaarprogramme (tabel 12 in bylae 1) het geblyk dat die veranderlikes geslag en onderwyspeil, 'n assosiasie met die antwoorde op hierdie vraag getoon het. Na verhouding het meer vroue as mans, asook meer respondente met 'n onderwyspeil van standerd 6 en hoër as 'n onderwyspeil laer as standerd 6, aangedui dat hulle kennis dra van gesinsbeplanningsklinieke/ander dienspunte.

Daar is ook nagegaan of die respondente al ooit self die gesinsbeplanningskliniek in Ikageng besoek het, terwyl die mans moes aandui of hulle vrou/seksmaat al ooit 'n besoek aan die kliniek gebring het. Volgens die ontledings op die CHAID- en P4F-rekenaarprogramme het daar na verhouding meer gebruikers van 'n metode (77 %) as nie-gebruikers (26 %) aangedui dat hulle al 'n besoek aan die gesinsbeplanningskliniek gebring het (tabel 13 in bylae 1).

3.2.2 Bekendheid met en besoeke ontvang deur gesinsbeplanningsmotiveerders

Soos reeds genoem, is daar 'n aantal gesinsbeplanningsmotiveerders in Ikageng werksaam wie se primêre taak is om die inwoners deur middel van interpersoonlike kommunikasie inligting oor gesinsbeplanning te voorsien. Die respondente is gevra om aan te dui of hulle al van sulke persone gehoor het. Van die totale steekproef het 298 (47 %) positief geantwoord. Die resultate op hierdie vraag, verdeel volgens geslag, ouderdom en onderwyspeil word in tabel 3.8 aangebied:

TABEL 3.8

ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL VAN GESINSBEPLANNINGS-MOTIVEERDERS GEHOOR HET

	Ja		Nee		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
GESLAG						
Manlik	112	17,72	210	33,23	322	50,95
Vroulik	186	29,43	124	19,62	310	49,05
TOTAAL	298	47,15	334	52,85	632	100,00
OUERDOM						
15 - 34 jaar	214	33,86	178	28,16	392	62,03
35 jaar en ouer	84	13,29	156	24,68	240	37,97
TOTAAL	298	47,15	334	52,84	632	100,00
ONDERWYSPEIL						
Laer as st. 6	135	21,36	214	33,86	349	55,22
St. 6 en hoër	163	25,79	120	18,99	283	44,78
TOTAAL	298	47,15	334	52,85	632	100,00

Ontledings van die CHAID- en P4F-rekenaarprogramme het getoon dat geslag, ouderdom en onderwyspeil 'n rol by hierdie vraag gespeel het. Na verhouding het meer vroue as mans, meer persone in die ouderdomsgroep 15-34 jaar as in die hoër ouderdomsgroepe en meer persone met 'n onderwyspeil van standerd 6 en hoër as laer as standerd 6, aangedui dat hulle kennis dra van die gesinsbeplanningsmotiveerders (tabel 14 in bylae 1). Vroue moes ook aandui of hulle al ooit 'n besoek/besoeke van een van die motiveerders ontvang het en mans moes aandui of hulle vrou/seksmaat al ooit 'n besoek/besoeke ontvang het. Die resultate op die vraag, verdeel volgens ouderdom en geslag, verskyn in tabel 3.9.

TABEL 3.9

ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE OF HULLE VROU/SEKSMAAT AL 'N BESOEK/BESOEKE VAN 'N MOTIVEERDER ONTVANG HET.

	Ja		Nee		Weet nie		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%	N	%
GESLAG								
Manlik	29	4,59	262	41,46	31	4,90	322	50,95
Vroulik	109	17,25	201	31,80	0	0,00	310	49,05
TOTAAL	138	21,84	463	73,26	31	4,90	632	100,00
OUDERDOM								
15-34 jaar	97	15,35	269	42,56	26	4,11	392	26,02
35 jaar en ouer	41	6,49	194	30,70	5	0,79	240	37,98
TOTAAL	138	21,84	463	73,26	31	4,90	632	100,00

Die resultate van die CHAID- en P4F-rekenaarprogramme (tabel 15 in bylae 1) het aangetoon dat geslag sowel as ouderdom 'n assosiasie met die vraag toon. Soos verwag kan word het daar na verhouding meer vroue as mans aangedui dat hulle/hulle vrou/seks-

maat 'n besoek/besoeke ontvang het. Na verhouding het meer respondente in die ouderdomsgroep 35 jaar en ouer as in die jonger ouderdomsgroep aangedui dat hulle nog nooit 'n besoek van 'n gesinsbeplanningsmotiveerder ontvang het nie.

3.3 BEHOEFTE AAN INLIGTING OOR GESINSBEPLANNINGSMETODES

In hierdie afdeling word aandag gegee aan die respondente se behoefte aan meer inligting oor gesinsbeplanningsmetodes sowel as aan die vraag of die respondente al ooit gesinsbeplanningsmetodes met iemand bespreek het.

Daar is bevind dat daar by die onderstaande vraag geen betekenisvolle interaksie tussen die verklarende veranderlikes en die respons op die vraag was nie:

. Wil u graag meer inligting oor die IUT hê?

Die resultate van die vier vrae waar daar wel betekenisvolle interaksie tussen die verklarende veranderlikes (geslag, ouderdom, onderwyspeil, huwelikstaat en gebruik/al dan nie van 'n metode) en die response op die vraag voorgekom het, word vervolgens kortliks bespreek.

Op die vraag of die respondente graag meer of nuwe inligting oor gesinsbeplanningsmetodes wil hê, het 483 (77 %) van die respondente positief geantwoord. Resultate van die CHAID- en P4F-rekenaarprogramme (tabel 16 in bylae 1) het aangetoon dat na verhouding meer ouer persone (50 jaar en ouer) (48 %) as jonger persone (18 %) aangedui het dat hulle geen behoefte aan meer of nuwe inligting het nie. Net soos in die geval van gesinsbeplanningsmetodes in die algemeen is daar ook ten opsigte van die vraag of die respondente meer inligting oor die Pil wil hê, bevind dat proporsioneel meer ouer persone (50 jaar en ouer) (62 %) as jonger persone (32 %) aangedui het dat hulle geen behoefte aan inligting het nie (tabel 17 in bylae 1).

Die respondente is ook gevra of hulle naas die Pil, meer inligting oor die Inspuiting (beter bekend as die Depo) sou wou hê. Die resultate op die vraag, verdeel volgens geslag en ouderdom, is die volgende:

TABEL 3.10
RESPONDENTE WAT AANGEDUI HET DAT HULLE MEER INLIGTING OOR DIE INSPUITING WIL Hê

	Ja		Nee		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
GESLAG						
Manlik	210	33,23	112	17,72	322	50,95
Vroulik	178	28,16	132	20,89	310	49,05
TOTAAL	388	61,39	244	38,61	632	100,00
OUDERDOM						
15 - 24 jaar	159	25,16	72	11,39	231	36,55
25 - 34 jaar	108	17,08	53	8,39	161	25,47
35 - 49 jaar	81	12,82	59	9,33	140	22,15
50 jaar en ouer	40	6,33	60	9,49	100	15,82
TOTAAL	388	61,39	244	38,60	632	100,00

Daar is vervolgens, met behulp van die CHAID- en P4F-rekenaarprogramme (tabel 18 in bylae 1) bevind dat ouderdom en geslag 'n rol gespeel het in die antwoorde op die vraag. Na verhouding het meer mans as vroue en meer respondente in die ouderdomsgroep 15-24 jaar as in die ander ouderdomsgroepe, aangedui dat hulle graag meer inligting oor die inspuiting wil hê. Soos in die geval van gesinsbeplanningsmetodes in die algemeen en die Pil het die ouer respondente (50 jaar en ouer) betekenisvol meer as die jonger respondente aangedui dat hulle geen behoefte aan meer inligting oor die Inspuiting het nie. Die respondente se onderlinge kommunikasie oor gesinsbeplanning is ook getoets deurdat daar aan hulle ge-

vra is of hulle al ooit gesinsbeplanningsmetodes met iemand bespreek het. Slegs 166 (26 %) het aangedui dat hulle al met iemand daarvoor gesels het. Die resultate onderverdeel volgens geslag en onderwyspeil, verskyn in tabel 3.11

TABEL 3.11

ANTWOORDE OP DIE VRAAG OF DIE RESPONDENTE AL GESINSBEPLANNINGSMETODES MET IEMAND BESPREEK HET

	Ja		Nee		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
GESLAG						
Manlik	41	6,49	281	44,46	322	50,95
Vroulik	125	19,78	185	29,27	310	49,05
TOTAAL	166	26,27	466	73,73	632	100,00
ONDERWYSPEIL						
Geen opleiding	6	0,95	81	12,81	87	13,76
St. 1 - st. 5	54	8,55	208	32,91	262	41,46
St. 6 en hoër	106	16,77	177	28,01	283	44,78
TOTAAL	166	26,27	466	73,73	632	100,00

Die veranderlikes geslag en onderwyspeil, het 'n rol in die antwoorde op hierdie vraag gespeel. Na verhouding het meer vroue en meer respondente met 'n onderwyspeil van standerd 6 en hoër as mans en persone met 'n onderwyspeil van laer as st. 6, aangedui dat hulle al gesinsbeplanningsmetodes met iemand bespreek het (tabel 19 in bylae 1).

3.4 HOUDING EN MENINGS OOR GESINSBEPLANNING

Vyftig houdingsitems is in die vraelys ingesluit om vas te stel wat die respondente se houdings en menings oor gesinsbeplanning is. Volgens die ontledings van die CHAID-rekenaarprogram het die

volgende verklarende veranderlikes n rol in die antwoorde van die respondente gespeel: geslag, ouderdom en onderwyspeil. Volgens die ontledings van die BMDP rekenaarprogram P4F, het nie een van hierdie veranderlikes egter n betekenisvolle assosiasie met die response op die vrae getoon nie.

4. SAMEVATTING EN SLOT

4.1 SAMEVATTING

In hierdie ondersoek is 632 Swartes in die woongebied Ikageng (Potchefstroom) met behulp van n vraelys ondervra oor verskillende aspekte van gesinsbeplanning. Die invloed van veranderlikes (soos geslag, ouderdom, onderwyspeil, huwelikstaat en die gebruik/al dan nie van n metode) op die antwoorde van die respondente, is statisties met behulp van CHAID- en P4F-rekenaarprogramme nagegaan. Die oogmerk hiermee was om vas te stel of daar subteikengroepe in die gemeenskap van Ikageng geïdentifiseer kon word vir wie daar bepaalde boodskappe geformuleer kan word.

Die vernaamste bevindings is soos volg:

- . Na verhouding het meer respondente in die ouderdomsgroep 25-34 jaar as dié in die ander ouderdomsgroepe aangedui dat hulle al van die term *gesinsbeplanning* gehoor het en meer vroue as mans het aangedui dat hulle al van *gesinsbeplanningsmetodes* gehoor het.
- . Wat die respondente se bekendheid met en kennis van spesifieke gesinsbeplanningsmetodes betref, blyk die volgende:
 - . Inspuiting en die IUT:
Dit het geblyk dat na verhouding meer vroue as mans, asook meer respondente in die ouderdomsgroep 15-34 jaar, as ouer as 35 jaar, kennis gedra het van hierdie twee metodes.

- . Die Pil
In hierdie geval het die resultate getoon dat daar na verhouding meer persone in die ouderdomsgroep 50 jaar en ouer as in die jonger ouderdomsgroepe is wat nie kennis dra van hierdie metode nie.
- . Die kondoom, manlike sterilisasie en onttrekking.
Respondente met 'n onderwyspeil van standerd 6 en hoër het na verhouding meer as diegene met 'n laer onderwyspeil aangedui dat hulle kennis van hierdie drie metodes dra. In die geval van die kondoom het daar na verhouding meer mans en persone in die ouderdomsgroep 15-34 jaar, as vroue en persone in die ouer ouderdomsgroep (35 jaar en ouer), van dié metodes geweet.
- . Soos verwag kan word, is daar na verhouding meer vroue as mans wat kennis dra of bewus is van gesinsbeplanningsklinieke/ander dienspunte.
- . Na verhouding het meer persone in die ouderdomsgroep 50 jaar en ouer as die in die ouderdomsgroep 15-49 jaar aangetoon dat hulle geen behoefte aan nuwe of meer inligting oor gesinsbeplanningsmetodes, die Pil en die Inspuiting het nie. Wat laasgenoemde betref het daar na verhouding meer mans as vroue en meer persone in die ouderdomsgroep 15-24 jaar as 25 jaar en ouer, aangedui dat hulle behoefte aan meer of nuwe inligting daaromtrent het.
- . Daar was proporsioneel meer vroue as mans en meer persone met 'n onderwyspeil van standerd 6 tot standerd 10 as diegene met 'n laer onderwyspeil wat aangedui het dat hulle al gesinsbeplanningsmetodes met iemand bespreek het.

4.2 SLOT

Resultate van die ondersoek het getoon dat respondente met 'n onder-

wyspeil laer as standerd 6, in verhouding met die respondente met 'n hoër onderwyspeil, minder bekend is met gesinsbeplanning, klinieke en gesinsbeplanningsmotiveerders. Aangesien hierdie persone 'n groot deel van bykans elke Swart gemeenskap uitmaak, is dit belangrik dat hulle ingelig en gemotiveer word om ook tot 'n gesinsbeplanningsaksie oor te gaan.

Uit die resultate van die ondersoek word afgelei dat daar na verhouding meer ouer as jonger respondente is wat nie bekend is met die term *gesinsbeplanning* en sommige *gesinsbeplanningsmetodes* nie asook wat laat blyk het dat hulle geen behoefte aan nuwe of meer inligting oor gesinsbeplanning het nie. Alhoewel hierdie bevinding maklik verklaar kan word behoort daar tog ernstige pogings aangewend te word om hulle te bereik en by die gesinsbeplanningsaksies te betrek. Ouer mense kan 'n belangrike bron van inligting oor hierdie onderwerp vir hulle kinders en kleinkinders wees en dit is dus om hierdie rede belangrik dat hulle in veel groter mate by die gesinsbeplanningsaksies betrek moet word.

Dit het verder geblyk dat mans, anders as vroue, in 'n groot mate nie bekend is met die term, gesinsbeplanning, en met verskeie gesinsbeplanningsmetodes nie. Ook is hulle minder bekend met die gesinsbeplanningsklinieke en gesinsbeplanningsmotiveerders. In 'n gesinsbeplanningsveldtog behoort hernieude pogings aangewend te word om die mans tot groter betrokkenheid te motiveer sodat hulle ook groter verantwoordelikheid ten opsigte van gesinsbeplanning kan dra.

BYLAE 1

INLEIDEND

Slegs die bevindings met betrekking tot die vrae waar betekenisvolle wisselwerking tussen die vraag (respons) en die verklarende veranderlikes (geslag, ouderdom, onderwyspeil, huwelikstaat, vraag 138 (gebruikers en nie-gebruikers van 'n metode)) na vore gekom het, word hier weergegee. Die afkortings wat voortaan vir die veranderlikes gebruik word, is soos volg:

HOOFEFFEKTE

- V = Respons
- G = Geslag
- O = Ouderdom
- S = Onderwyspeil
- Q = Vraag 138 (gebruikers en nie-gebruikers van 'n metode)

INTERAKSIE-EFFEKTE

- VG = Respons en geslag
- VO = Respons en ouderdom
- VS = Respons en onderwyspeil
- VQ = Respons en vraag 138
- GS = Geslag en onderwyspeil
- OQ = Ouderdom en vraag 138
- GO = Geslag en ouderdom
- OGQ = Ouderdom, geslag, vraag 138
- GOS = Geslag, ouderdom, onderwyspeil

TABEL 1. HET U AL OOIT VAN GESINSBEPLANNING GEHOOR?

Oorskrydingswaarskynlikheid = 0,0000

Ouderdom	Respons	
	Ja	Nee
15 - 24 jaar	1,0	-1,3
25 - 34 jaar	2,5*	-3,4*
35 - 49 jaar	-0,9	1,2
50 jaar en ouer	-3,5*	4,8*

*Betekenisvol op die 5 %-vlak

TABEL 2. HET U AL OOIT VAN GESINSBEPLANNINGSMETODES GEHOOR?

Model wat gepas is: OGQ, VQ, VG, VO.

Passingswaarskynlikheid = 0,3244 (23 %)

Gestandaardiseerde skattings van parameters

Geslag	Respons	
	Ja	Nee
Manlik	-6,661*	6,661*
Vroulik	6,661*	-6,661*

Vraag 138	Respons	
	Ja	Nee
Gebruikers van metode	7,724*	-7,724*
Nie-gebruikers	-7,724*	7,724*

*Betekenisvol op die 1 %-vlak

TABEL 3 HET U AL GEHOOR VAN DIE PIL AS 'N METODE OM SWANGERSKAP TE VOORKOM?

Oorskrydingswaarskynlikheid = 0,0000

Ouderdom	Respons	
	Ja	Nee
15 - 24 jaar	0,8	-1,5
25 - 34 jaar	1,1	-2,1*
35 - 49 jaar	-0,0	0,0
50 jaar en ouer	-2,6*	4,9*

*Betekenisvol op die 5 %-vlak

TABEL 4 INDIEN 'N PAAR BESLUIT OM DIE PIL TE GEBRUIK, WIE MOET DIE PIL DRINK?

Model wat gepas is: OQ, VQ, VO.

Passingswaarskynlikheid = 0,2472 (25 %)

Gestandaardiseerde skattings van parameters

Ouderdom	Respons	
	Vrou	Man, beide, weet nie
15 - 24 jaar	1,985	-1,985
25 - 34 jaar	2,391	-2,391
35 - 49 jaar	0,239	-0,239
50 jaar en ouer	-4,282*	4,282*

Vraag 138	Respons	
	Vrou	Man, beide, weet nie
Gebruikers	4,710*	-4,710*
Nie-gebruikers	-4,710*	4,710*

*Betekenisvol op die 1 %-vlak

TABEL 5. NOG 'N WYSE OM SWANGERSKAP TE VOORKOM IS OM EEN OF ANDER TOESTEL BINNE DIE LIGGAAM TE PLAAS. HET U AL VAN HIERDIE METODE GEHOOR?

Model wat gepas is: G0, V0, VG

Passingswaarskynlikheid = 0,7422 (74 %)

Gestandaardiseerde skattings van parameters

Geslag	Respons	
	Ja	Nee
Manlik	-4,618*	4,618*
Vroulik	4,618*	-4,618*

Ouderdom	Respons	
	Ja	Nee
15 - 34 jaar	7,174*	-7,174*
35 jaar en ouer	-7,174*	7,174*

*Betekenisvol op die 1 %-vlak

TABEL 6. INDIEN 'N PAAR BESLUIT OM DIE IUT TE GEBRUIK IN WIE SE LIG-
GAAM MOET DIE TOESTEL GEPLAAS WORD?

Model wat gepas is: OGQ, VQ, VG, VO

Passingswaarskynlikheid = 0,5199 (52 %)

Gestandaardiseerde skattings van parameters

Ouderdom		Respons
	Vrou	Man, beide, weet nie
15 - 24 jaar	2,982*	-2,982*
25 - 34 jaar	2,598*	-2,598*
35 jaar en ouer	-6,031*	6,031*
Geslag		Respons
	Vrou	Man, beide, weet nie
Manlik	-3,693*	3,693*
Vroulik	3,693*	-3,693*
Vraag 138		Respons
